Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2023

# GESKIEDENIS V2

**PUNTE:** **150**

**TYD:** **3 uur**

Hierdie vraestel bestaan uit 9 bladsye en 'n addendum van 14 bladsye.

## INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit AFDELING A en AFDELING B, wat op die voorgeskrewe inhoudsraamwerk in die KABV-dokument gebaseer is.

**AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE**

VRAAG 1: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA

VRAAG 2: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

VRAAG 3: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT DIE HEDE

**AFDELING B: OPSTELVRAE**

VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

VRAAG 5 DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

2. AFDELING A bestaan uit TWEE brongebaseerde vrae. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, kan in die ADDENDUM gevind word.

3. AFDELING B bestaan uit DRIE opstelvrae.

4. Beantwoord DRIE vrae soos volg:

   4.1 Minstens EEN moet 'n brongebaseerde vraag wees en minstens EEN moet 'n opstelvraag wees.

   4.2 Die ander vraag (DERDE) kan óf 'n opstelvraag óf brongebaseerde vraag wees.

5. Jy word aangeraai om ten minste EEN uur per vraag te spandeer.

6. In die beantwoording van die vrae moet jy jou kennis, vaardighede en insig toepas.

7. Jy sal benadeel word deur die blote oorskryf van die bronne as antwoorde.

8. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik word.

9. Skryf netjies en leesbaar.

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie AFDELING. Bronmateriaal wat benodig word om hierdie vrae te beantwoord, is in die ADDENDUM vervat.

### VRAAG 1: HOE HET KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE WERKERSUNIES (COSATU) DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's TEENGESTAAN?

Bestudeer Bron 1A, 1B, 1C en 1D en beantwoord die vrae wat volg.

1.1 Verwys na Bron 1A.

1.1.1 Definieer die term *vakbond* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

1.1.2 Waarom dink jy het wettiging van vakbonde nie die gewenste uitwerking gehad wat PW Botha verwag het nie? (1 x 2) (2)

1.1.3 Noem enige DRIE progressiewe vakbondorganisasies uit die bron wat voor die stigting van COSATU bestaan het. (3 x 1) (3)

1.1.4 Lewer kommentaar op wat geïmpliseer word met die woorde: "Die 1980's sal in die geskiedenis as die waterskeiding (keerpunt) in ons momentele (grootse) stryd teen apartheid opgeteken word". (2 x 2) (4)

1.2 Bestudeer Bron 1B.

1.2.1 Identifiseer enige TWEE vorme van protes wat deur COSATU gebruik was om met die 'rollende massa-aksie' voort te gaan. (2 x 1) (2)

1.2.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat mense van alle vlakke van die samelewing die wegbly-aksie van 1 Mei 1986 ondersteun het. (1 x 2) (2)

1.2.3 Lewer kommentaar op hoekom jy dink COSATU die 'Leefbare Loon Veldtog' geloods het. (2 x 2) (4)

1.2.4 Verduidelik die bruikbaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die weerstand teen apartheid deur COSATU in die 1980's bestudeer. (2 x 2) (4)

1.3 Raadpleeg Bron 1C.

1.3.1 Watter boodskappe word in hierdie plakkaat oor die stryd vir werkersregte in Suid-Afrika uitgebeeld? (2 x 2) (4)

1.3.2 Noem enige DRIE eise, genoem in die plakkaat, wat COSATU tydens die 'Lewende Loon'-veldtog gestel het. (3 x 1) (3)

1.4 Vergelyk Bron 1B en 1C. Verduidelik hoe die inligting in Bron 1B die bewyse in Bron 1C ondersteun rakende die rol wat COSATU in die 1980's gespeel het. (2 x 2) (4)

1.5 Lees Bron 1D.

1.5.1 Hoe, volgens die bron, het die staat die vakbondlede hanteer? (2 x 1) (2)

1.5.2 Waarom dink jy het die regering so hardhandig teenoor COSATU en sy bondgenote opgetree? (2 x 2) (4)

1.5.3 Verduidelik die begrip *noodtoestand* in die konteks van die onderdrukkende maatreëls wat deur die apartheidsregering geneem is. (1 x 2) (2)

1.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde), waarin jy verduidelik hoe COSATU die apartheidsregering gedurende die 1980's teengestaan het. (8)

**[50]**

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM VERSOENING EN GENESING VIR SUID-AFRIKANERS TE BRING?**

Bestudeer Bron 2A, 2B, 2C en 2D om die volgende vrae te beantwoord.

2.1 Bestudeer Bron 2A.

2.1.1 Wat, volgens die bron, was die groot taak wat die ANC ná die 1994-verkiesing gehad het? (1 x 2) (2)

2.1.2 Lewer kommentaar op wat Mandela met die volgende stelling geïmpliseer het: "Dat daar geen boosheid/kwaad was wat so deur die wêreld veroordeel is as apartheid nie". (2 x 2) (4)

2.1.3 Waarom dink jy het die ANC op 'n beleid van "vergewe sonder om te vergeet", besluit? (2 x 2) (4)

2.1.4 Haal bewyse uit die bron aan wat die doelwitte van die WVK verduidelik. (2 x 1) (2)

2.2 Raadpleeg Bron 2B.

2.2.1 Hoekom dink jy wou Riefaat Hattas oor die vergete kamerade getuig? (1 x 2) (2)

2.2.2 Definieer die term *ondervraging* in die konteks van die WVK-verhore. (1 x 2) (2)

2.2.3 Waarom, volgens die bron, het Riefaat die traumasentrum bygewoon? (2 x 1) (2)

2.2.4 Wat, volgens die bron, was die daaglikse stryd van studente? (2 x 1) (2)

2.2.5 Verduidelik die betroubaarheid van hierdie bron vir 'n historikus wat die WVK-verhore bestudeer. (2 x 2) (4)

2.3 Verwys na Bron 2C.

2.3.1 Waarom, volgens die bron, was die Suid-Afrikaanse regering aangeval? (2 x 1) (2)

2.3.2 Definieer die term *skadevergoeding* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

2.3.3 Haal bewyse uit die bron aan wat daarop dui dat President Thabo Mbeki huiwerig was dat die regering skadevergoeding aan individue betaal. (1 x 2) (2)

2.3.4 Verduidelik wat geïmpliseer word deur die woorde: 'Ons het nie vir geld geveg nie, maar geld kan iets betekenisvol in my lewe doen', in die konteks van vergoeding. (1 x 2) (2)

2.4 Lees Bron 2D.

2.4.1 Watter boodskap word in die spotprent oor skadevergoeding uitgebeeld? (2 x 2) (4)

2.4.2 Verduidelik wat deur die woorde geïmpliseer word: "ONS IS ONBEPAALD GESLUIT. JY SAL BY DIE VOLGENDE VENSTER BEDIEN WORD", in die konteks van vergoeding. (1 x 2) (2)

2.5 Vergelyk Bron 2C en 2D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 2D die inligting in Bron 2C aangaande die proses van skadevergoeding aan slagoffers van menseregteskending deur die regering, ondersteun. (2 x 2) (4)

2.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde), waarin jy verduidelik hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was om versoening en genesing aan Suid-Afrikaners te bring. (8)

**[50]**

Kopiereg voorbehou 

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET MULTI-NASIONALE KORPORASIES (MNK) OP DIE GLOBALE MARK GEHAD?

Bestudeer Bron 3A, 3B, 3C en 3D om die volgende vrae te beantwoord.

3.1 Lees Bron 3A.

3.1.1 Hoe, volgens die bron, kommunikeer en deel ons mekaar se kulture? (2 x 1) (2)

3.1.2 Definieer die begrip *globalisasie* in jou eie woorde. (1 x 2) (2)

3.1.3 Gebruik die inligting in die bron en jou eie kennis en verduidelik hoe globalisering tot kulturele uitruiling tussen lande bygedra het. (1 x 2) (2)

3.1.4 Lewer kommentaar oor waarom globalisering nie die ekonomiese gaping tussen die ryk en die arm lande verminder het nie. (1 x 2) (2)

3.2 Verwys na Bron 3B.

3.2.1 Waarom, volgens die bron, was dit moeilik vir state om Multi-Nasionale Korporasies in terme van globalisering te beheer? (2 x 1) (2)

3.2.2 Definieer die term *Multi-Nasionale Korporasies* in die konteks van globalisering. (1 x 2) (2)

3.2.3 Lewer kommentaar oor waarom baie regerings die moontlikheid gevrees het dat MNC's uit hul lande sou onttrek. (2 x 2) (4)

3.2.4 Noem enige TWEE lande uit die bron waar MNC's se hoofkwartiere geleë is. (2 x 1) (2)

3.3 Raadpleeg Bron 3C.

3.3.1 Verduidelik die boodskappe wat hierdie spotprent oordra aangaande toestande van werkers wat in Multi-Nasionale Korporasies werk. (2 x 2) (4)

3.3.2 Haal bewyse uit die bron aan wat aandui dat werkers geen sê in die werkplek gehad het nie. (1 x 2) (2)

3.3.3 Lewer kommentaar oor die beperkings van die bron vir 'n historikus wat die toestande van werkers by Multi-Nasionale Korporasies, bestudeer. (2 x 2) (4)

3.4 Lees Bron 3D.

3.4.1 Wat, volgens die bron, vervaardig Nike? (1 x 2) (2)

3.4.2 Waarom dink jy het die Nike-vervaardigers hongerloonfabrieke en kinderarbeid gebruik om hul produkte te vervaardig? (2 x 2) (4)

3.4.3 Noem enige TWEE bewerings wat werkers in Viëtnam oor die Nike-fabriek gemaak het. (2 x 1) (2)

3.4.4 Verduidelik waarom, dink jy, Nike nie toegelaat het dat die Workers' Rights Consortium (WRC) sy kontrakfabrieke inspekteer nie. (1 x 2) (2)

3.5 Verwys na Bron 3C en 3D. Verduidelik hoe die bewyse in Bron 3C die inligting in Bron 3D aangaande die behandeling van werkers deur Nike ondersteun. (2 x 2) (4)

3.6 Gebruik die inligting in die relevante bronne en jou eie kennis, skryf 'n paragraaf van ongeveer AGT reëls (ongeveer 80 woorde) waarin jy die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op die globale mark gehad het, verduidelik. (8)

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

Beantwoord ten minste EEN vraag, maar nie meer as TWEE vrae nie, in hierdie afdeling.

Jou opstel moet ongeveer DRIE bladsye lank wees.

### VRAAG 4: BURGERLIKE VERSET, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA: DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

Verduidelik tot watter mate die filosofie van Swart Bewussyn-studente, gemeenskappe en werkers beïnvloed het om die apartheidstaat in Suid-Afrika in die 1960's en 1970's uit te daag.

Motiveer jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

### VRAAG 5: DIE OPKOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE: ONDERHANDELDE OOREENKOMS EN DIE RNE

Dit was slegs deur toewyding en kompromie deur verskillende rolspelers wat die voortslepende geweld in Suid-Afrika beëindig het en die weg vir 'n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994 gebaan het.

Stem jy saam met die stelling? Motiveer jou argument deur van relevante bewyse gebruik te maak. **[50]**

### VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: DIE GEBEURE VAN 1989

Bespreek krities hoe die hervormings van Gorbatsjof tot die ineenstorting van kommunisme gelei het en vanaf 1989 verandering in die politieke landskap in Suid-Afrika teweeggebring het.

Bespreek die stelling krities. Motiveer jou lyn van argument deur relevante bewyse te gebruik. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

# GRAAD 12

## SEPTEMBER 2023

# GESKIEDENIS V2
# ADDENDUM

Hierdie addendum bestaan uit 14 bladsye.

## VRAAG 1: HOE HET DIE KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE WERKERSUNIES (COSATU) DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's TEENGESTAAN?

### BRON 1A

Die bron hieronder verduidelik die gebeurtenis wat die weg vir die stigting van COSATU in 1985 gebaan het.

Die Wet op Arbeidsverhoudinge (WAV) van 1979 het swart vakbonde gewettig. Ironies genoeg het die wettiging van swart vakbonde die teenoorgestelde uitwerking gehad as wat die regering verwag het.

Op sy stigtingskongres het COSATU 33 geaffilieerde en nie-geaffilieerde vakbonde byeengebring. Hierdie bekendstelling het ŉ vernuwing verteenwoordig van vakbondwese in die lyn van vroeër progressiewe vakbondorganisasies en federasies wat voor die stigting van COSATU bestaan het. Belangrik onder hierdie was die Industrial and Commercial Workers Union (ICU), Federation of South African Trade Unions (FOSATU), General and Allied Workers Union (GAWU), African Union of Mineworkers, National Union of Mineworkers (NUM) en die South African Congress of Trade Unions (SACTU).

COSATU het al die druk (spanning) en tradisies van ons ryk geskiedenis van stryd verteenwoordig. Dit het gespruit uit dekades van massastryd, uit die ICU van die 1920's, die bitter stryd van mynwerkers in die 1940's en die militante weerstand van SACTU in die 1950's. Dit was ŉ beweging wat gebore is te midde van ŉ noodtoestand en die uitdaging teen apartheid. Dit het ŉ meedoënlose (aanhoudende) stryd voortgesit vir die basiese regte van werkers om as mense op die fabrieksvloer sowel as in die land van hul geboorte beskou te word. Enige poging om die verband tussen die stryd om basiese vakbondregte op die fabrieksvloer te skei van die breër stryd om menseregte in die samelewing was nie net ongewens nie, maar ook onmoontlik in die Suid-Afrikaanse konteks.

Die 1980's sal in die geskiedenis opgeteken word as die waterskeiding (keerpunt) in ons momentele (grootse) stryd teen apartheid. ŉ Kern-kenmerk van daardie heldhaftige verset was die onvermoeide (vasberade) stryd deur die werkende mense van ons land.

[Uit https://omalley .nelsonmandela.org>index. php>site. Toegang op 22 Januarie 2023 verkry.]

## BRON 1B

Hierdie uittreksel verduidelik die verskillende veldtogte wat deur COSATU in die 1980's geloods was.

In 1988 het COSATU noue bande met die African National Congress (ANC) en United Democratic Front (UDF) gehad. Die mag van werkers is moontlik gemaak deur COSATU se volgehoue oproep vir 'rollende massa-aksie'. Deur stakings, boikotte en wegbly-aksies het COSATU dit duidelik gemaak dat dit 'n krag is om mee rekening te hou. COSATU is bekommerd oor die ekonomiese en maatskaplike welsyn van al sy lede. Talle wegbly-aksies en stakings om onder meer teen die noodtoestand, verkiesings en nasionale herdenkingsdae te protesteer, is deur COSATU in samewerking met die UDF van stapel gestuur. COSATU het ook sanksies en disinvesteringsveldtogte teen Suid-Afrika ondersteun.


Twee belangrike veldtogte is deur COSATU geïnisieer. Dit het die 'Leefbare Loon-Veldtog' van stapel gestuur. Gedurende 1987 was COSATU-lede die enigste werkers wat loonverhogings bo inflasiekoers gekry het. Dit was nie gebaseer op die welwillendheid van werkgewers nie, maar op die stryd van ons lede. Hierdie veldtog bly relevant terwyl ons poog om die loongaping tussen senior bestuur en werkers, mans en vroue, en tussen geskoolde en ongeskoolde werkers uit te skakel – van wie die meerderheid swart of vroue is.

***Meidag is ons s'n*** – Op 1 Mei 1886 het Amerikaanse werkers – georganiseer deur die International Workers of the World – opgeruk ter ondersteuning van 'n agt-uur dag. Dit het 'n internasionale tradisie begin om 'n werkersvakansie te vier wat tot vandag toe voortduur. Teen 1986 is die tradisie al 100 jaar lank waargeneem. Terwyl COSATU skaars ses maande oud was, was Meidag-vieringe in Suid-Afrika daardie jaar die grootste ooit, met groot saamtrekke regoor die land. Suid-Afrikaanse werkers het die dag as hul eie aangegryp. Die feit dat dit vandag deel van ons openbare vakansiedae is, is te danke aan COSATU lede. 1,5 miljoen werkers het aan die oproep gehoor gegee, saam met duisende wat skoolleerlinge, studente, taxi-bestuurders, smouse, winkeliers, huiswerkers, self-onderhoudende en werklose mense insluit.

[Uit https://mediadon.co.za>formationof COSATU. Toegang op 22 Januarie 2023 verkry.]

**BRON 1C**

Die plakkaat was in 1987 deur 'n COSATU-werker, Eve Hedrew vir die 'Leefbare Loon-Veldtog' ontwerp.




[Uit saha.org.za/workers/cosatu _unite _and _fight _for _a living_wage.htm, Toegang op 22 Januarie 2023 verkry.]

**VERENIG EN VEG VIR 'N LEEFBARE LOON**

- **40 uur week sonder verlies aan betaling**
- **Meidag, 16 Junie en Sharpevilledag as betaalde openbare vakansiedae**
- **Werksekuriteit**
- **Geen belastingaftrekkings nie**
- **'n Minimum van 6 maande betaalde kraamverlof**
- **'n Einde aan die hostelstelsel en ordentlike behuising naby plekke van werk**

**BRON 1D**

Die bron hieronder verduidelik die reaksie van die Nasionale Party teenoor COSATU in die 1980's.

Die staat het op sy beurt 'n tweede noodtoestand afgekondig en 'n wrede (verbete) veldtog van aanhoudings en onderdrukkings geloods. Baie vakbondlede is gearresteer of geteister, insluitend Jay Naidoo, wie se huis op die eerste nag van die noodgeval, 12 Junie 1986, deur veiligheidspolisie in siviele drag oorval is. In die eerste ses weke van die noodgeval is 2 700 vakbondlede aangehou, die meerderheid van hulle van COSATU. COSATU se hoofkwartier in Johannesburg is deur die Suid-Afrikaanse Weermag (SAW) versper, wat alle bewegings in en uit die gebou gemonitor het.

Maar werkers het ook wraak geneem. Honderde het begin staak om teen aanhoudings te betoog. Toe vyf National Union of Mineworkers (NUM)-streekleiers in Kimberley gearresteer is, het 2 000 werkers by vier myne begin staak, een van baie sulke voorvalle. COSATU se president, Elijah Barayi, wat ook die NUM se vise-president was, is ook aangehou en die vakbond het 'n nasionale verbruikersboikot van drankwinkels, kroeë en konsessie-(besigheids)winkels begin.

COSATU is verhoed (verbied) om in die buitelug te vergader en ander beperkings het normale vakbondprosesse ontwrig – met die gevolg dat selfs sakeondernemings by die regering begin kla het dat hulle met vakbondleiers in die tronk gedwing is om met 'skare' te onderhandel.

[Uit sahistory.org.za/article/congress-south Africa-trade-unions-cosatu Toegang op 22 Januarie 2023 verkry.]

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM VERSOENING EN GENESING VIR SUID-AFRIKANERS TE BRING?**

**BRON 2A**

Die bron hieronder deur Sandy Shaw, skrywer van *South Africa's Transition to Democracy* verduidelik die redes vir die stigting van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1996.

Na hul oorwinning in die 1994-verkiesing, het die ANC 'n reusetaak gehad om 'n ware nie-rassige demokratiese Suid-Afrika te bou, sonder om die verlede te vergeet. Soos Mandela dit beskryf het: "Daar is niks so boos soos apartheid wat wêreldwyd veroordeel was nie"; en daarom was dit noodsaaklik om 'n manier te kry om die oortreders van die apartheidstelsel te vergewe sonder om die misdade wat teen menslikheid gepleeg was te vergeet. Die ANC se oplossing om te 'vergewe sonder om te vergeet' het tot die ontstaan van die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) in 1996 gelei.

Die doelwitte van die WVK was om sover moontlik 'n geheelbeeld van die oorsake, aard en omvang van grootskaalse menseregteskending te kry. Dit moes ook die kwessie van amnestie fasiliteer aan persone wie die volle waarheid onthul het van die misdade wat hulle gepleeg het. Die WVK was ook die taak opgelê om die noodlot van slagoffers bekend te maak en om hul menslike en burgerlike menswees te herstel, deur aan hulle die geleentheid te bied om hul stories te vertel, reparasie-maatreëls aan te beveel en kompensasie (vergoeding) te voorsien. Die WVK moes ook aanbevelings maak oor hoe om 'n politieke kultuur in Suid-Afrika te skep wat respek van menseregte aan alle burgers waarborg.

[Uit *South Africa's Transition to Democracy* deur S. Shaw]

**BRON 2B**

Hierdie bron hieronder fokus op die getuienis by die WVK-verhoor deur Riefaat Hattas, ŉ aktivis en ANC- en UDF-ondersteuner, op 22 Mei 1997 in Athlone, Kaapstad.

VOORSITTER: Riefaat, ek gaan vir mev. Burton vra om die aflegging van die eed te administrateer, maar ek wil net vir jou baie dankie sê dat jy gekom het, nie net om oor jouself te praat nie, maar om te praat oor die mense wat jy jou "vergete Kamerade" noem. Dit is baie belangrik dat iemand namens daardie mense praat en ons is baie dankbaar dat jy vir ons ŉ voorlegging in daardie verband voorberei het. Mev. Burton sal jou insweer en Glenda sal dan jou bewyse fasiliteer.

MNR. HATTAS: Agbare kommissarisse, ek smeek u om my nie weer deur ŉ ondervraging te sit nie. Ek woon elke Donderdag die traumasentrum by.

MEJ. WILDSCHUT (WVK-KOMMISSARIS): Riefaat, neem net jou tyd. As jy voel dit is te moeilik, neem net soveel tyd as wat jy nodig het, en Viola is langs jou en sy sal jou aanmoedig.

MNR. HATTAS: Ek is erg gespanne, depressief, kwaad, gefrustreerd. Ek het geen vertroue in myself nie, ek oorweeg soms selfmoord. Ek weet nie of ek myself alleen kan dra nie. Ek is deurmekaar as gevolg van wat ek in my hoërskooljare deurgemaak het. Ek wil nie graag op myself fokus nie, maar ek wil graag fokus op die storie van my vergete kamerade. Daardie studente wie se dae bestaan het uit vergaderings, protesoptogte, rubberkoeëls en dikwels lewendige ammunisie, maar dit was deel van die daaglikse stryd teen ŉ onregverdige vyand. Ons primêre doelwit was om die land onregeerbaar te maak sodat ons leiers kan terugkeer en ons na ŉ ware demokrasie toe kan lei.

Dit is van die aanbevelings wat ek en ons Kamerade gedink het ek moet voor die WVK lys. Ek wil eerstens sê dat baie van ons Kamerade wat geaffekteer is, is vandag nog werkloos. Ons moet finansieel vergoed word vir al die emosionele en sielkundige trauma wat ons steeds verduur. Gedenktekens moet in alle provinsies opgerig word om die belangrike rol wat studente en kinders, jeugdiges, sowel as ander gespeel het, aan te dui. Die Regering behoort die verantwoordelikheid te neem om ons te akkommodeer in terme van alle relevante ondersteuning wat ons nodig het. Die WVK moet seker maak dat die Nasionale Party nie ongestraf wegstap vir die misdade wat hulle teen die mense van Suid-Afrika gepleeg het nie. Die Nasionale Party moet verantwoordelikheid neem vir die vernietiging en verwoesting van ons lewens. Dit is al.

MEJ. BURTON: Jy het ŉ moedige stap geneem om te kom. Ek hoop dit sal ook ŉ stap vorentoe in jou eie genesing en selfvergifnis wees.

[Uit https:www.justice.gov.za/trc/special/children/hattas/htm. Toegang op 24 Januarie 2023 verkry.]

## BRON 2C

Hierdie uittreksel hieronder beskryf hoe die Suid-Afrikaanse regering in 2000 gekritiseer was vir die nie-betaling van vergoeding aan slagoffers.

Die Suid-Afrikaanse regering het Woensdag onder aanval gekom omdat hulle 'in die gesig gespoeg het' van mense wat deur die apartheidsregime onderdruk, verarm en gemartel is deur weerstand te bied teen die betaling van hul beloofde skadevergoeding.

Die aanklag is gemaak by ŉ tweedaagse konferensie in Kaapstad, getiteld "The Unfinished Business of the TRC", met verwysing na die Waarheid-en-Versoeningskommissie wat menseregteskendings onder apartheid ondersoek en skadevergoeding vir slagoffers aanbeveel het. Regter Dumisa Ntsebeza, ŉ voormalige WVK-kommissaris, het gesê die regering ignoreer internasionale presedente (voorbeelde) wat voorsiening maak dat geld aan byvoorbeeld slagoffers van die Holocaust betaal moet word. "Ons het miljarde (rande) vir korvette (gewapende vlootskepe) en bewapening (wapens). Ons moet miljarde hê vir die slagoffers," het hy gesê, met verwysing na die regering se onlangse besluit om militêre toerusting ter waarde van R30 miljard te koop ($4 miljard).

Die kommissie het in 1998, ná drie jaar se aanhoor van slagoffers se getuienis van lyding, aanbeveel dat 17 000 mense elk tussen R17 000 en R22 000 per jaar betaal word vir ses jaar as herstel. Van hierdie geld is beskikbaar, maar president Thabo Mbeki se regering het die afgelope maande die regverdigheid daarvan om geld aan individue vir lyding te betaal bevraagteken en gesê dat aktiviste nie vir geld teen apartheid gestry het nie. Dit het ŉ bitter reaksie van WVK-amptenare en slagoffers ontlok.


Voormalige aktivis Riefaat Hattas het aan sowat 100 konferensie-afgevaardigdes, meestal akademici en menseregte-aktiviste, gesê: "Ons het nie vir geld geveg nie, maar geld kan iets betekenisvol in my lewe wees. Ek is gemartel, ek het nagmerries, ek kan vir berading betaal," het hy gesê. Hattas is een van sowat 3 000 slagoffers wat dringende tussentydse skadevergoeding van ŉ paar duisend rand elk betaal is.

[Uit https://www.news 24.com/govt-slammed-for-not-paying-apartheid-victims-20001004. Toegang op 24 Januarie 2023 verkry.]

**BRON 2D**

Hierdie spotprent deur Zapiro wys die regering se houding teenoor die slagoffers in terme van vergoeding.

*Zapiro – 'n Welbekende Suid-Afrikaanse spotprenttekenaar




[Vertaal uit https://www.iol.co.za/news/politics/apartheid-victims-angry- about-reparation-wait-. Toegang op 22 Januarie 2023 verkry.]

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET MULTI-NASIONALE KORPORASIES (MNK) OP DIE GLOBALE MARK GEHAD?

### BRON 3A

Hierdie uittreksel fokus op die invloed van globalisering op die globale mark.

Ons kommunikeer en deel mekaar se kulture deur reis en handel, vervoer goedere regoor die wêreld binne ure en dae. Ons is in ŉ enorme globale ekonomie waar iets wat in een area (gebied) gebeur ŉ uitkring-effek wêreldwyd het. Hierdie proses word globalisering genoem.

Globalisering het veroorsaak dat die wêreld meer ineengeskakel word as ŉ gevolg van massiewe styging in handel en kulturele uitruiling. Globalisering het die produksie van goedere en dienste verhoog. Die grootste maatskappye (besighede) is nie langer nasionale firmas nie maar multi-nasionale korporasies met filiale (takke van maatskappye) in baie lande. Globalisering vind plaas vir honderde jare, maar dit het geweldig versnel oor die laaste helfte van die eeu.

Globalisering het uitgeloop op verhoogde internasionale handel in maatskappye wat in meer as een land opereer (werksaam is) met groter afhanklikheid van die globale ekonomie, vrye beweging van kapitaal (geld), goedere en dienste. Voorbeelde van multi-nasionale korporasies is McDonalds, Starbucks en Nike.

Alhoewel globalisering moontlik help om meer rykdom in ontwikkelde lande te skep help dit nie om die gaping te verklein tussen die wêreld se armste lande en die wêreld se rykste nie.

[Aangepas en vertaal uit http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation. Toegang op 1 Februarie 2023 verkry.]

**BRON 3B**

Die bron hieronder deur N. Harris, 'n Amerikaanse prokureur en politikus, beskryf die mag wat Multi-Nasionale Organisasies op lande regoor die wêreld het.

Alle state vind dit moeilik om 'n organisasie te beheer wat vele takke het en wat buite hul grense geleë is en wat nie aan hul wette onderhewig is nie. As die multi-nasionaal 'n belangrike belegger en werkgewer is, bestaan die moontlikheid dat hy sy werksaamhede sal onttrek en na 'n ander land verskuif, wat 'n bron van kommer vir enige regering is. Dis om hierdie rede dat sommige regerings die belasting op multi-nasionale se winste sal verlaag en arbeidswette verslap sodat dit makliker vir die multi-nasionale sal wees om hul werksmag te beheer. 'n Ander manier om die situasie te interpreteer is om die Westerse regerings en die multinasionale as bondgenote te sien wat dieselfde doelwit in die globalisasieprojek nastreef.


Ten spyte van hul veronderstelde gebrek aan nasionaliteit is die meeste multi-nasionale se hoofkwartiere geleë in die magtige ekonomiese lande (veral die VSA, Duitsland en Japan). Nog 'n beweerde gevolg van globalisasie is dat state beheer oor die toekoms van hul eie state verloor. Kapitaal, goedere, dienste en tegnologie vloei nou onbeheerd en in groot hoeveelhede oor grense, lokaliseer en verskuif na verskillende dele van die wêreld. Dit verminder 'n staat se beheer oor ekonomiese aktiwiteite binne sy grense en stel hom nie in staat om die waarde sy geldeenheid te bepaal nie.

[Vertaal uit *Globalisation:Ethical Debates* deur N. Harris.]

Kopiereg voorbehou 

## BRON 3C

Hierdie spotprent vertoon die toestande waaronder werkers goedere het vir multi-nasionale maatskappye soos Nike geproduseer het.




[Uit www.google.co.za/search?q=cartoons +on+protest +against+globalisation&sa. Toegang op 1 Februarie 2023 verkry.]

**DOEN DIT NET!**

**BRON 3D**

Die volgende uittreksel hieronder skets hoe burgerlike samelewing geprotesteer het teen die Multi-Nasionale maatskappy, 'Nike' in 1998, in verskillende lande regoor die wêreld.

Nike, ŉ toonaangewende vervaardiger van sportdrag, is een van die sakewêreld se blink voorbeelde van hoe om ŉ beeld skoon te maak. Terwyl hulle broodnodige buitelandse beleggings na ontwikkelende lande bring, stel hierdie maatskappye dikwels winste voor die regte van werkers of die lande waarin hulle geleë is. In die 1990's is die maatskappy geteister (gekwel) deur berigte dat dit hongerloon-werkplekke (oorvol werkplek) en kinderarbeid gebruik het. Druk het gegroei tot 1998, toe Nike-medestigter Phil Knight in die openbaar daartoe verbind het om die maatskappy se praktyke te verander en Nike het die volgende dekade daaraan bestee.

Nou, dreig Nike se hongerloon-fabrieke probleem ŉ terugkeer. Op 29 Julie, het studente en aktiviste regoor die wêreld deelgeneem aan ŉ eendag-protes teen Nike, georganiseer deur Verenigde Studente teen Hongerloon-werkplekke (USAS).

Die demonstrasies, in stede soos Boston, Washington D.C., Bangalore, en San Pedro Sula in Honduras, het stygende aantygings (beskuldigings) wat stadig opgeborrel het teen Nike verteenwoordig.

Onder hierdie is aantygings (beskuldigings) dat werkers by ŉ Nike kontrak-fabriek in Hansae Vietnam, gelei het onder loondiefstal en verbale mishandeling, en werk vir ure in temperature wel oor die wettige limiet van 90 grade, oor die wettige limiet/perk van 90 grade, tot die punt dat hulle voor hul naaimasjiene ineenstort. Nike word ook beskuldig van werksbesnoeiing by die Hansae-fabriek en produksie geneem het van ŉ fabriek in Honduras met ŉ sterk vakbond verteenwoordiging, wat veroorsaak het dat honderde werkers noodsaaklike werke verloor het. Die maatskappy het na bewering toegang geweier vir die onafhanklike moniteringsgroep Worker Rights Consortium (WRC) om sy kontrakfabrieke te ondersoek.

[Uit https://qz.com/1042298/nike-is-facing-a-new-wave-of-ant-sweatshop-protests. Toegang op 1 Februarie 2023 verkry.]

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander historiese bewyse is uit die volgende geneem:

Harris, N. 2007.*Globalisation:Ethical Debates,* (Wayland Publishers)

https;//qz.com/1042298/nike-is-facing-a-new-wave-of-ant-sweatshop-protests

http://www.bbc.co.uk/schools/gcsebitesize/geography/globalisation

https://omalley .nelsonmandela.org>index. php> site.

https://www.iol.co.za/news/politics/apartheid-victims-angry- about-reparation-wait-

https://mediadon.co.za>formationof COSATU

https://www.news 24.com/govt-slammed-for-not-paying-apartheid-victims-20001004

https:www.justice.gov.za/trc/special/children/hattas/htm.

saha.org.za/workers/cosatu - _unite _ - _ and - _figh-for - _a- living _-wage.htm

sahistory.org.za/article/congress-south Africa-trade-unions-cosatu

Shaw, S. 2001. *South Africa's Transition to Democracy: An African Success Story* (Design Press)

www.google.co.za/search?q=cartoons +on+protest +against+globalisation&sa.

Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT**

**GRAAD 12**

# SEPTEMBER 2023

# GESKIEDENIS V2
# NASIENRIGLYN

**PUNTE: 150**

Hierdie nasienriglyn bestaan uit 24 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGS-TOEKENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Onttrek inligting uit bronne.<br>• Selektering en organisasie van relevante inligting uit bronne.<br>• Definieer historiese begrippe/terme. | **30% (15)** |
| **VLAK 2** | • Interpretasie van bewyse uit bronne.<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne.<br>• Analiseer bewyse uit bronne. | **40% (20)** |
| **VLAK 3** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit bronne.<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel.<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekkings. | **30% (15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde vrae geassesseer word:**

- By die nasien van brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argument, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyn word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir enige relevante antwoord.
- Daar word van leerlinge verwag om ŉ standpunt in te neem in die beantwoording van 'tot watter mate' vrae om enige punte te verdien.

1.3 **Assesseringsprosedures vir brongebaseerde vrae**

- Gebruik ŉ regmerk (✓) vir elke korrekte antwoord
- Gee aandag aan die puntetoekenning bv. (2 x 2) wat neerkom op twee redes en word twee punte elk toegeken (✓✓✓✓); (1 x 2) wat neerkom op een rede en twee punte toegeken word (✓✓)
- Indien ŉ vraag 4 punte tel word 4 regmerke (✓✓✓✓) aangedui

**Paragraafvraag**

Paragrawe behoort globaal (holisties) geassesseer te word. Beide die inhoud en die struktuur van die paragraaf moet in berekening gebring word wanneer punte toegeken word. Die volgende stappe moet gebruik word wanneer ’n antwoord op ’n paragraafvraag geassesseer word:

- Lees die paragraaf en plaas ’n kolpunt ( . ) by elke punt binne-in die teks waar die kandidaat relevante bewyse gebruik het om die vraag te beantwoord.
- Lees die paragraaf weer om die mate te evalueer waarin die kandidaat in staat was om relevante bewyse te gebruik om die paragraaf te beantwoord.
- Maak regmerkies (√) wat aan die kandidaat toegeken is vir die paragraaf aan die einde van die paragraaf; sowel as die vlak (1, 2 of 3) soos aangedui in die holistiese rubriek en gee ’n kort kommentaar bv.

__________ . ________________________ . __________________

________________ . ________________________ . __________

√√√√ Vlak 2

Gebruik meestal relevante bewyse om die paragraaf te skryf

- Tel al die regmerke vir die brongebaseerde vrae op en skryf dan die punt aan die regterkantse onderste kantlyn, bv. $\frac{32}{50}$
- Maak seker dat die totale punte akkuraat na die buiteblad van antwoordeboek oorgedra word.

2. **OPSTELVRAE**

2.1 **Die opstelvrae vereis dat kandidate:**

- In staat sal wees om hul argument op ’n logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ’n redelike reeks feite of ’n effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ’n opstel ’n inleiding, ’n samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ’n slot het.

2.2 **Nasien van opstelvrae**

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ’n spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ’n riglyn vir nasien van ’n spesifieke opstel.
- By die assessering van die oop brongebaseerde vrae moet kandidate krediet kry vir *enige ander relevante antwoord.*

2.3 **Globale assessering van die opstel**

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitelike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument.
- Die toepaslike seleksie van feitelike bewyse om sodanige argument te ondersteun.
- Die leerder se interpretasie van die vraag.

2.4 **Assesseringsprosedures vir die opstel**

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt ('bullet') in die nasienriglyn), vir elke hoofmoment/aspek wat volledig gekontekstualiseer is en ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt in die nasienriglyn) bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Hou die **PEEL-struktuur** in gedagte by die assessering van ŉ opstel.

| | |
|---|---|
| P | **Punt:** Die kandidaat lei die opstel in met ŉ argument/ŉ duidelike hoofpunt.<br>Elke paragraaf moet ŉ punt bevat wat die hoofpunt (argument) wat in die inleiding gemaak is, ondersteun. |
| E | **Verduideliking:** Die kandidaat moet in groter detail bespreek waaroor die hoofpunt (argument) gaan en hoe dit verband hou met die vraag wat gevra is. |
| E | **Voorbeeld:** Die kandidate moet die vraag beantwoord deur inhoud te selekteer wat relevant is tot die argument. Relevant voorbeelde moet gegee word om die argument vol te hou. |
| L | **Skakel:** Kandidate moet seker maak dat die argument deurgaans in die opstel onderhou word en samehangend geskryf is. |

2.4.4 Die volgende simbole MOET in die assessering van opstel gebruik word:

- Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie ^
- Verkeerde stelling ________________
- Irrelevante stelling |<br>|<br>|
- Herhaling R
- Analise A√
- Interpretasie I√
- Argument LOA↕

2.5 **Die matriks**

2.5.1 Gebruik van die matriks vir die assessering van opstelle.

By die nasien van opstelle, moet die kriteria gebruik word wat in die matriks voorsien word. Tydens die assessering van 'n opstel moet beide die inhoud en die aanbieding in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding, gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die opstel sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 3 | |

(c) Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | }26–27 |
| A | VLAK 3 | |

**KOMMENTAAR**

Sommige weglatings in inhoudsdekking.
Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument.

## NASIENMATRIKS VIR OPSTEL: TOTAAL: 50

| AANBIEDING → / INHOUD ↓ | VLAK 7 | VLAK 6 | VLAK 5 | VLAK 4 | VLAK 3 | VLAK 2 | VLAK 1 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het ʼn goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. ʼn Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om ʼn onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om ʼn duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot ʼn sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | Toon soms bewys van ʼn gestruktureerde en beplande argument. Poog om ʼn argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om ʼn gevolgtrekking te maak nie. | Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
| **VLAK 7** Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

### *Riglyne vir die toekenning van ʼn punt in Vlak 1:

- Vraag glad nie beantwoord nie/totaal irrelevante inhoud; geen poging om die opstel te struktureer nie = 0
- Vraag sluit basiese en algemene irrelevante inligting in; geen poging om die opstel te struktureer nie = 1–6
- Vraag ontoereikend en vaag beantwoord; effense poging om die opstel te struktureer = 7–13

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: HOE HET DIE KONGRES VAN SUID-AFRIKAANSE WERKERS-UNIES (COSATU) DIE APARTHEIDSREGERING GEDURENDE DIE 1980's TEENGESTAAN?

1.1 1.1.1 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1A – V1]*
- Is 'n organisasie van werkers wat aangesluit het om hul gemeenskaplike belange te bevorder
- 'n Organisasie of groep werkers wat aansluit om oor lone, ure, voordele en werksomstandighede te onderhandel
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

1.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Vakbonde het magtige organisasies geword wat die regering nie kon beheer nie
- Werkers het hul mag besef en sleutelspelers in die stryd teen apartheid geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1A – V1]*
- ICU
- FOSATU
- GAWU
- CNETU
- SACTU (Enige 3 x 1) (3)

1.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1A – V2]*
- Die land het onregeerbaar geword
- Politieke onrus was 'n kenmerk van die 1980's
- Onrus van die 1980's sou die politieke landskap van Suid-Afrika verander
- Die 1980's sou tot die ondergang van apartheid lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- Stakings
- Boikotte
- Wegbly-aksies (Enige 2 x 1) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1B – V1]*
- 1,5 miljoen werkers het aan die oproep gehoor gegee, saam met duisende wat skoolleerlinge, studente, taxi-bestuurders, smouse, winkeliers, huiswerkers, selfonderhoudende en werklose mense ingesluit het (1 x 2) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Swart werkers het lae lone ontvang
- Die loongaping tussen die bestuur en werkers en geskoolde en ongeskoolde werkers sou verminder
- Om die standaard van lewe van swartes te verbeter
- Om die lewensomstandighede van swartes veral vroue te verbeter
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.2.4 *[Evaluering van die bruikbaarheid van Bron 1B – V3]*

**Die bron is BRUIKBAAR omdat:**

- Dit het daarin geslaag om die werkers te mobiliseer om apartheid te weerstaan
- Koördineer ŉ reeks betogings en veldtogte wat deur miljoene Suid-Afrikaners ondersteun is
- Rollende massa-aksie deur COSATU het die land onregeerbaar gemaak
- Dit gee insig oor die rol wat COSATU in die stryd teen apartheid gespeel het
- COSATU se optrede het ŉ ekonomiese agteruitgang in die ekonomie veroorsaak, wat veroorsaak het dat wit sake-eienaars druk op die apartheidsregering geplaas het.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- COSATU het ŉ leefbareloon-veldtog van stapel gestuur
- Wou die werk- en lewensomstandighede van werkers verbeter
- Dit dui op sy visie om eenheid onder werkersklasmense binne die land te skep
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1C – V1]*

- 40 uur week sonder verlies van betaling
- Meidag, 16 Junie en Sharpevilledag as betaalde openbare vakansiedae
- Werksekuriteit
- Geen belastingaftrekkings nie
- ŉ Minimum van 6 maande betaalde kraamverlof
- ŉ Einde aan die koshuisstelsel en ordentlike behuising naby werkplekke (Enige 3 x 1) (3)

1.4 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 1B en 1C – V3]*

- Bron 1B meld dat COSATU geveg het vir 'n leefbare loon en Bron 1C toon dat COSATU 'n veldtog vir 'n leefbare loon van stapel gestuur het
- Bron 1B verduidelik hoe die vakbond werkers verenig het om teen apartheid te betoog, terwyl Bron 1C COSATU as 'n magtige verenigde liggaam deur 'n gebalde vuis wys wat teen apartheid betoog
- Bron 1B meld dat 'n eis gemaak is dat 1 Mei 'n betaalde vakansiedag word en Bron 1C wys dit een van die eise tydens die betoging was
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5 1.5.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 1D – V1]*

- Gearresteer
- Teistering
- Huisaanvalle
- Aangehou (Enige 2 x 1) (2)

1.5.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1D – V2]*

- Die groeiende gewig van die arbeidersbeweging
- Hulle vermoë om oorwinnings vir werkers te behaal
- COSATU was besig om 'n politieke bedreiging vir die apartheidsregering te word
- Om die mag in die hande van die wit minderheid te hou
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Verduideliking van 'n historiese konsep uit Bron 1D – V2]*

- Die polisie en weermag is meer mag gegee om enigiemand in hegtenis te neem wat geglo is 'n bedreiging vir die staat is
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

1.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- COSATU is in 1985 bekendgestel (Bron 1A)
- Met byna 'n halfmiljoen lede, het dit die grootste vakbond geword wat ooit in Suid-Afrika gestig is (Bron 1A)
- Herlewing van vakbondwese (Bron 1A)
- Het veldtogte vir werkersregte van stapel gestuur (Bron 1B)
- Het begin met stakings en protes om die werk- en lewensomstandighede van werkers te verbeter (Bron 1B en Bron 1C)
- NLA deur die regering gewysig weens druk van COSATU (Eie kennis)
- Ondersteun huurgeld en verbruikersboikotte van burgerlike organisasies (Eie kennis)
- COSATU het die werkers teen apartheid verenig (Bron 1C)
- COSATU in ooreenstemming met die ANC en UDF (Bron 1B)
- Belofte om alle mense te verteenwoordig en uitbuiting van werkers te weerstaan (Eie kennis)
- COSATU het 'n bedreiging vir apartheid geword (Bron 1D)
- Enige ander relevante antwoord.

Kopiereg voorbehou 

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe COSATU die apartheidsregering gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon ŉ mate oor hoe COSATU die apartheidsregering gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe COSATU die apartheidsregering gedurende die 1980's teengestaan het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

**VRAAG 2: HOE SUKSESVOL WAS DIE WAARHEID-EN-VERSOENINGS-KOMMISSIE (WVK) OM VERSOENING EN GENESING VIR SUID-AFRIKANERS TE BRING?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- ŉ Ware nie-rassige demokratiese Suid-Afrika te bou (1 x 2) (2)

2.1.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Apartheid het die politieke regte van Suid-Afrikaners weggeneem
- Onder apartheid het Suid-Afrikaners onderdrukking en diskriminasie verduur
- Die menswaardigheid van swart Suid-Afrikaners weggeneem
- Tydens apartheid is mense tronk toe gestuur en sonder berou vermoor
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*
- Baie haat/wantroue het tussen rasse bestaan
- Om die nuwe bedeling in Suid-Afrika te laat werk
- Om versoening en vrede in Suid-Afrika te bring
- Om die voortbestaan van die nuwe demokrasie te verseker
- Om verdere geweld te voorkom wat die land jare lank geteister het
- Om toekomstige menseregteskendings te voorkom
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.1.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2A – V1]*
- Om ŉ volledige prentjie as moontlik te vestig, van die oorsaak, aard en omvang van die growwe skending van menseregte gee
- Fasiliteer die toestaan van amnestie
- Om die lot van slagoffers bekend te maak en hul mens- en burgerlike waardigheid te herstel
- Beveel herstelmaatreëls aan en voorsien hulle van vergoeding

(Enige 2 x 1) (2)

2.2 2.2.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Die wat ook deur die apartheidstelsel/polisie vermoor is
- Omdat hulle ook hul jeug opgeoffer het ter wille van Vryheid
- Hulle het nooit ŉ normale tienerlewe gehad nie
- Sodat hulle bydrae tot die bevrydingstryd nie vergeet moet word nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.2 *[Definisie van historiese konsepte van bewyse uit Bron 2B – V2]*
- Slagoffers en oortreders kan oor hul verklarings by die WVK-verhore ondervra word
- Ondervraging van aktiviste deur veiligheidspolisie van hul politieke aktiwiteite en gemartel
- Ondervraging kon mondelings of fisies wees
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.2.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
**Hy was:**
- Gestres/Gespanne
- Depressief
- Kwaad
- Gefrustreerd (Enige 2 x 1) (2)

2.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*
- Vergaderings
- Protesoptogte
- Rubberkoeëls in die gesig staar
- Lewendige ammunisie in die gesig staar (Enige 2 x 1) (2)

2.2.5 *[Evalueer die betroubaarheid van Bron 2B – V3]*
**Hierdie bron is BETROUBAAR omdat:**
- Dit is ŉ primêre bron aangesien Riefaat direk by die bevrydingstryd betrokke was
- Die inligting is die oorspronklike getuienis wat tydens die WVK-verhoor gegee is
- Sy getuienis kan met ander bronne geverifieer word
- Gehoor het die emosionele toestand/trauma van Riefaat ervaar
- Die WVK het ŉ platform geskep vir slagoffers om hul storie te vertel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- Spoeg in die gesig van mense wat onderdruk is
- Verarm en gemartel deur die apartheidsregime
- Weiering om belofte skadevergoeding te betaal (Enige 2 x 1) (2)

2.3.2 *[Definisie van historiese konsepte uit Bron 2C – V1]*
- Vergoeding vir die verlies van menselewens en eiendom
- Betaling vir skade wat ŉ persoon kon opgedoen het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2C – V1]*
- President Thabo Mbeki se regering het die afgelope maande die regverdigheid daarvan om geld aan individue vir lyding te betaal, bevraagteken
- Aktiviste nie vir geld teen apartheid gestry het nie (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*
- Die geld kan gebruik word vir berading om van hul vorige ervarings te genees
- Hulle nie in staat was om te werk nie weens die sielkundige marteling wat hulle verduur het terwyl hulle vir vryheid geveg het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.4 2.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die Suid-Afrikaanse regering het nie die regte van slagoffers wat menseregteskendings ervaar het, geprioritiseer nie
- Die regering het nie die aanbeveling van die WVK oor vergoeding vir slagoffers uitgevoer nie
- Die regering het baie verskonings gehad om vergoeding aan slagoffers te gee
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2D – V2]*

- Die regering was huiwerig om slagoffers van apartheid te betaal
- Die regering het verskonings gemaak om nie vergoeding te gee nie
- Die regering wou hom nie verbind tot die tydraamwerk om betalings te maak nie
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

2.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 2C en 2D – V3]*

- Bron 2C dui aan dat niemand in die stryd om geld geveg het nie en Bron 2D wys die regering het verskonings om nie slagoffers te vergoed nie
- Beide bronne toon die onwilligheid van die regering om skadevergoeding te betaal
- Beide bronne dui aan die trauma wat slagoffers verduur het weens nie-betaling van skadevergoeding
- Beide bronne toon die uitwerking wat apartheid op die lewens van gewone Suid-Afrikaners gehad het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

2.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte in hulle antwoorde insluit:

- Die rede vir die stigting van die WVK was om die verlede te hanteer (Eie kennis)
- WVK gestig om growwe menseregteskendings te ondersoek (Bron 2A)
- WVK het nasionale versoening en genesing bevorder (Bron 2A)
- Die WVK het volle amnestie gebied aan diegene wat na vore gekom het en hul misdade bely het (Bron 2A)
- WVK het 'n platform verskaf om na slagoffers se stories te luister (Bron 2B)
- Riefaat kon sy storie vertel tydens die WVK-verhoor van die marteling wat hy en mede-kamerade verduur het (Bron 2B)
- Die WVK het die getuienis wat deur die slagoffers en oortreders aangebied is, ondersoek (Eie kennis)
- Die WVK het deernis vir slagoffers getoon (Bron 2B)
- Slagoffers en oortreders is aangemoedig om die waarheid te vertel sodat die nasie kon genees (Eie kennis)
- Die WVK het skadevergoeding aan slagoffers aanbeveel (Bron 2A en Bron 2D)

- Simboliese herstel, opgrawing en herbegrafnis van die oorblyfsels van slagoffers voorgestel deur WVK (Eie kennis)
- Slagoffers moes ŉ geruime tyd wag om geldelike reparasie/ vergoeding te kry (Bron 2C en Bron 2D)
- Die regering het die menslike gesig van herstel verwaarloos (Bron 2C en Bron 2D)
- Enige ander relevante antwoord.

Gebruik die volgende rubriek om die paragraaf te assesseer.:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was om versoening en genesing vir Suid- Afrikaners te bring.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie ŉ paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp, bv. toon begrip **oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie(WVK) was om versoening en genesing vir Suid-Afrikaners te bring.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier om ŉ paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer ŉ deeglike begrip oor hoe suksesvol die Waarheids-en-Versoeningskommissie (WVK) was om versoening en genesing vir Suid-Afrikaners te bring.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in ŉ georganiseerde paragraaf en toon begrip van onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET MULI-NASIONALE KORPORASIES (MNK) OP DIE GLOBALE MARK GEHAD?

3.1 3.1.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Deur reis en handel
- Vervoer van produkte oor die wêreld binne ure of dae (2 x 1) (2)

3.1.2 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Globalisering beteken dat lande meer interafhanklik word en dat mense oor die hele wêreld meer aan mekaar verbind is
- Globalisering het gelei tot die monopolisering op nywerhede deur groot sakeondernemings, wat groot winste maak ten koste van onderontwikkelende en onontwikkelende lande
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Mense oor die hele wêreld dra klere met dieselfde naam/ handelsmerk
- Mense het van kitskosse leer ken
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – V2]*

- Die wêreldekonomie word deur die ryk lande oorheers
- Arm lande het nie voordeel getrek uit die winste wat in hul lande gemaak is nie
- Natuurlike hulpbronne is uitgebuit deur buitelanders wat in arm lande belê het
- Werkers van ontwikkelende provinsies is min lone betaal aangesien die meeste winste na buitelandse provinsies gegaan het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- Dit was buite sy grense
- Nie onderworpe aan sy wette nie (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3B – V2]*

- Dit is groot maatskappye wat ander takke in verskillende lande regoor die wêreld open
- Groot beleggings word in die buiteland gemaak
- Groot winste word deur hierdie lande gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.2.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

**OMDAT:**

- Dit sou baie mense werkloos laat
- Dit sal tot armoede in lande lei
- Dit sal waarskynlik tot onrus teen die regering lei
- Dit sal ekonomiese onstabiliteit in ’n land veroorsaak
- Die regering gaan ’n belangrike inkomste verloor wat dienslewering aan die mense sal belemmer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.2.4 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3B – V1]*

- VSA
- Duitsland
- Japan (Enige 2 x 1) (2)

3.3 3.3.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Arbeidswette is verslap
- Slegte beligting (slegs een klein liggie gewys)
- Werkers het geen reg gehad om uit te praat oor hul toestand nie (Monde is verseël)
- Werkers se basiese menseregte en goeie werks-omstandighede word geskend
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.3.2 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- ‘Doen dit net’/ “Just do it”
- Hulle monde is verseël/toegeplak. (Enige 1 x 2) (2)

3.3.3 *[Evalueer die beperkings van Bron 3C – V3]*

**Die bron is beperk omdat:**

- Dit is bevooroordeeld aangesien dit slegs die negatiewe impak van Multi-Nasionale Korporasies toon
- Dit skep die indruk dat alle MNK’s hulle werkers sleg behandel
- Dit dui nie aan dat werkers ook gebaat het uit MNK’s deur dat hulle lone ontvang het
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4 3.4.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*

- Sportdrag (1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*

- Hulle hoef nie die lewensomstandighede van die werkers te verbeter nie
- Om meer wins te maak
- Kinders is minder betaal
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.4.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3D – V1]*
- Werkers het onder loondiefstal gely
- Verbale mishandeling
- Het vir ure gewerk in hoë temperatuur ver oor die wetlike perk van 90 grade (Enige 2 x 1) (2)

3.4.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3D – V2]*
- Nike was ten volle bewus van die swak toestande in die fabrieke
- Hulle sou ontdek dat werkersregte geskend word
- Hulle sal gedwing word om die fabriek te sluit
- Die naam handelsmerk Nike kan in ŉ negatiewe lig beskou word
- Dit kan tot die boikot van die Nike-produkte lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

3.5 *[Vergelyking van bewyse uit Bron 3C en 3D – V3]*
- Bron 3C wys die vroue wat moeg/oorwerk lyk, terwyl Bron 3D aandui dat werkers gedwing is om vir lang ure sonder behoorlike ventilasie te werk
- Bron 3C wys dat kinders gewoond was om in die Nike-fabriek te werk, terwyl Bron 3D die berigte aandui dat dit kinderarbeid gebruik het
- Bron 3C toon dat werkers se monde toegeplak is om nie oor die haglike toestande te praat nie. Bron 3D dui aan dat die WRC toegang geweier is om die fabriek te inspekteer
- Enige ander relevante antwoord (Enige 2 x 2) (4)

3.6 *[Interpretasie, evaluering en sintese van bewyse uit relevante bronne – V3]*
Kandidate kan die volgende aspekte insluit:

- Globalisering sal lei tot die integrasie van ekonomieë en samelewings (Bron 3A)
- Mense regoor die wêreld begin mekaar se kulture deel (Bron 3A)
- Die wêreld aan kitskos bekendgestel (Eie kennis)
- Het toegang tot maatskappye soos McDonald's en Starbucks (Bron 3A)
- In sommige lande rykdom geskep (Bron 3A)
- MNK vestig maatskappye regoor die wêreld (Bron 3B)
- Lande moes hul arbeidswette verslap (Bron 3B)
- Beperkte staatsbeheer oor ekonomiese aktiwiteite (Bron 3B)
- Produseer klere met handelsmerk wat wêreldwyd gedra word (Bron 3C en 3D)
- MNK's het uitbuiting van werkers veroorsaak (Bron 3C en Bron 3D)
- Baie lande het nie voordeel getrek uit winste wat deur MNK's gemaak is nie (Eie kennis)
- Nike het nie die werksomstandighede van werkers verbeter nie (Bron 3C en Bron 3D)
- Het tot weerstand teen die Nike-maatskappy gelei (Bron 3D)
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken:

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op die globale mark gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik of kan nie 'n paragraaf skryf nie. | **PUNTE 0–2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op die globale mark gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier om 'n paragraaf te skryf. | **PUNTE 3–5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **demonstreer 'n deeglike begrip oor die impak wat Multi-Nasionale Korporasies op die globale mark gehad het.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip oor die onderwerp. | **PUNTE 6–8** |

(8)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELVRAE

### VRAAG 3: BURGERLIKE VERSET, 1970s TOT 1980s: SUID-AFRIKA DIE KRISIS VAN APARTHEID IN DIE 1980's

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet verduidelik tot watter mate die filosofie van SB-studente, gemeenskappe en werkers beïnvloed het om die apartheidsregime in die 1960's en 1970's uit te daag.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate kan die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet aandui tot watter mate die filosofie van BC studente, gemeenskappe en werkers beïnvloed het om die apartheidsregime in die 1960's en 1970's uit te daag.

**UITBREIDING**

- Rede vir die stigting van die Swartbewussynsbeweging (SBB) (Agtergrond)

**Biko se filosofie van Swartbewussyn (SB)**

- Maak swartmense bewus van die euwels van apartheid
- Kweek 'n gevoel van eiewaarde en vertroue in swart Suid-Afrikaners
- Herstel swart trots
- Die manier waarop swart Suid-Afrikaners hulself gesien het, verander
- Bemagtig hulle om apartheid te konfronteer
- Biko het swart Suid-Afrikaners versoek om hulself te laat geld en dinge vir hulself te doen
- Skakel die gevoel van minderwaardigheid uit

**Rol van Steve Biko**

- Vorming van SASO
- SASO het SB idees versprei oor die kampusse van die etnies geskeide universiteite
- SASO het swart eenheid en solidariteit bevorder
- Studente meer polities bewus gemaak
- Studente aangemoedig om hulself van apartheid te bevry
- Biko bevorder selfbevryding
- Hy het geglo dat assosiasie met blankes die bevrydingstryd ondoeltreffend maak en dat swartes hulself moet bevry
- Gevestigde selfhelpgroepe vir swart gemeenskappe saam met ander SB-leiers
- SB-idees is in SASO-nuusbriewe gepubliseer

**Swartbewussyn word ’n nasionale beweging**
- In 1972 is die Black People’s Convention gestig
- Bedoel om swartmense van sielkundige en fisiese onderdrukking te bevry
- Selfhelpprojekte is op die been gebring, bv. Zanempilo-kliniek, Ginsburg en Zimele-trustfonds
- Tot die stigting van die Black Allied Workers Union in 1973 gelei
- SB beïnvloed skoliere wat tot die vorming van SASM gelei het

**Uitdagings wat die idees van BC aan die staat stel**
- Die Suid-Afrikaanse regering was aanvanklik nie bekommerd oor die SBB nie en het gelyk met sy eie beleid van afsonderlike ontwikkeling
- SBB het sterker geword en ’n uitdaging aan die staat gestel
- Dit het ’n massabeweging geword wat gepoog het om apartheid te ondermyn
- Biko se toesprake het swart Suid-Afrikaners aangemoedig om apartheid te verwerp
- SB-idees spoor die werkers aan om met staking op te tree
- SBB ondersteun disinvesteringsondernemings

**1976 Soweto-opstand:**
- Leerders by skole in Soweto was ongelukkig omdat; meeste staatsbefondsing het na wit skole gegaan, erge oorbevolking in klasse, kurrikulum was beperk en onderwys het leerders voorberei op hande- en ongeskoolde arbeid.
- Die instelling van Afrikaans as onderrigmedium in 1975 in swart skole het massaprotes ontketen.
- SASM het besluit om ’n massabetoging teen Afrikaans as onderrigmedium te hou.
- Op 16 Junie 1976 het duisende Soweto-leerders ’n vreedsame protes aangepak.
- Later het die optog gewelddadig geword en honderde is beseer en doodgemaak (Hastings Ndlovu en Hector Pietersen).
- Woede oor die polisie-aksies het leerders amok gemaak deur die strate van Soweto en simbole van apartheid soos geboue en wit besighede verbrand.

**Regerings se reaksie op Biko se filosofie**
- Verbod en huisarres van Biko en ander leiers
- SB-leiers is verbied om in die openbaar te praat
- BPC-aktiviste is sonder verhoor aangehou
- SASO is op universiteitskampusse verbied
- Biko is in hegtenis geneem en ondervra
- Biko is in 1977 wreedaardig deur die veiligheidspolisie vermoor
- Enige ander relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN DIE AANVAARDING VAN DIE VERLEDE

*[Beplan en konstrueer ’n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie. As hulle saamstem, moet hulle toewyding en kompromie deur verskillende rolspelers verduidelik wat ’n einde gebring het aan die voortslepende geweld in Suid-Afrika en die weg baan vir ’n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994. As hulle nie met die stelling saamstem nie, moet hulle hul lyn met argument met relevante historiese bewyse staaf.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit.

- Inleiding: Kandidate moet ’n standpunt inneem en aandui of hulle saamstem of verskil of dit deur toewyding en kompromie deur verskillende rolspelers was wat ’n einde gebring het aan die voortslepende geweld in Suid-Afrika en die weg vir ’n nuwe demokratiese Suid-Afrika in 1994 gebaan het.

**UITBREIDING**

- De Klerk kom in 1989 aan bewind – kort agtergrond
- De Klerk se toespraak in die parlement op 2 Februarie 1990
- Die ontbanning van politieke en burgerlike organisasies, soos die ANC en SAKP
- Die opheffing van beperkings op COSATU, AZAPO, ens.
- Groote Schuur-minuut, 2 Mei 1990 (ANC en NP ontmoet, ANC-afvaardiging gelei deur Nelson Mandela, NP-afvaardiging deur FW de Klerk gelei)
- Apartheidswetgewing wat herroep is, soos die Wet op Afsonderlike Reservering van Geriewe (Politieke leierskap)
- Pretoria-minuut, 6 Augustus 1990 (ANC het ingestem om die gewapende stryd op te skort)
- KODESA 1 (19 politieke partye, AZAPO, KP en PAC/300 afgevaardigdes uitgesluit) (Politieke leierskap en betrokkenheid van ander partye)
- Geweld breek in sommige dele van die land uit, soos die Witwatersrand- en Natalse Blankes-referendum en die impak daarvan (Maart 1992) (Politieke leierskap)
- CODESA 2 (2 Mei 1992) het ineengestort. Partye kon nie ooreenkom oor ’n nuwe grondwetvormende liggaam en tussentydse regering (politieke leierskap)
- NP wou minderheidsveto hê terwyl ANC ’n tussentydse regering vir nie langer as 18 maande en gewone meerderheidsregering wou hê nie
- Boipatong-slagting en die gevolge daarvan (17 Junie 1992)
- Bhisho-slagting het die proses van onderhandelinge ontspoor (7 September 1992)
- Goldstone-kommissie
- Rekord van Verstandhouding onderteken op 26 September 1992 tussen Roelf Meyer (NP) en Cyril Ramaphosa (ANC) (Politieke leierskap deur beide partye)

- Sluipmoord op Chris Hani (10 April 1993) en die impak daarvan op Suid-Afrika (Politieke leierskap)
- Veelparty-onderhandelingsforum (politieke leierskap deur alle partye)
- Regse (AWB) aanval op die Wêreldhandelsentrum ('World Trade Centre') en die gevolge daarvan
- Sonsondergangklousule wat deur Joe Slovo ingestel is, het die dooiepunt van onderhandelinge verbreek (Politieke leierskap)
- Verkiesingsdatum aangekondig, 27 April 1994 (Politieke leierskap)
- Die ANC het die verkiesings gewen en Mandela het die eerste swart Suid-Afrikaanse president geword
- Enige ander relevante antwoord.

- Slot: Kandidate moet hul argument met 'n relevante slot saamvat. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE: 1989 TOT HEDE

*[Beplan en konstrueer 'n oorspronklike argument wat gebaseer is op relevante bewyse deur van analitiese en interpretasie vaardighede gebruik te maak.]*

**SINOPSIS**

Kandidate moet krities bespreek hoe die hervormings van Gorbatsjof gelei het tot die ineenstorting van kommunisme en vanaf 1989 vir ewig verandering in die politieke landskap in Suid-Afrika teweeggebring het.

**HOOFASPEKTE**

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Inleiding: Kandidate moet standpunt inneem en aandui hoe die hervormings van Gorbatsjof gelei het tot die ineenstorting van kommunisme wat die politieke landskap in Suid-Afrika vanaf 1989 sou verander.

**UITBREIDING**

- Gorbatsjof se beleid van Glasnost en Perestroika
- Teen die einde van 1989 het die Sowjetunie gedisintegreer en die impak daarvan
- Die kommunistiese regimes in Oos-Europa het in duie gestort
- Die val van die Berlynse Muur
- Politieke veranderinge in die res van die wêreld plaas druk op die apartheidsregime om veranderinge aan te pak
- Die ineenstorting van kommunisme het beide die Nasionale Party en die ANC geraak
- Die Nasionale Party was nou bereid om met die ANC te onderhandel
- Die Nasionale Party se vrees vir 'n kommunisties-beheerde ANC het nou ongegrond gelyk
- Na die ondergang van kommunisme in die Sowjetunie; die ANC het nie verdere steun van die Sowjetunie ontvang nie
- Die ANC kon nie meer op die Sowjetunie staatmaak vir ekonomiese en militêre ondersteuning nie
- Die Nasionale Party se bewering dat hy Suid-Afrika teen 'n kommunistiese aanslag beskerm, het onrealisties geword
- Lande in die Westerse wêreld het die stap ondersteun dat Suid-Afrika sy probleme vreedsaam en demokraties moet oplos
- Daar was geen twyfel dat voortgesette onderdrukking van swart Suid-Afrikaners deur die apartheidsregime nie volhoubaar was nie en politieke onstabiliteit tot gevolg sou hê.
- Die regering het begin glo dat hervorming nodig is om die ontwikkeling van 'n sterk middelklas in te sluit wat as 'n 'bolwerk teen die rewolusie' sou optree.
- PW Botha het 'n beroerte gehad en is deur FW de Klerk opgevolg
- FW de Klerk het Suid-Afrika se politieke penarie besef en begin aanvaar dat die swart Suid-Afrikaanse stryd teen apartheid nie 'n sameswering was wat vanuit Moskou gerig is nie.

- Dit het De Klerk in staat gestel om in gesprek met die bevrydingsorganisasies te tree
- Op 2 Februarie 1990 het De Klerk ‘’n nuwe en regverdige grondwetlike bedeling’ aangekondig.
- De Klerk het alle anti-apartheidsorganisasies ontban, insluitend die ANC, PAC en Suid-Afrikaanse Kommunistiese Party
- Dit het die einde van apartheid en die begin van die proses van onderhandelinge aangedui
- Enige ander relevante antwoord.

Slot: Kandidate moet hul argument met ’n relevante slot saamvat. **[50]**

**TOTAAL: 150**

Kopiereg voorbehou